Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE
Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za

2020 NSC CHIEF MARKER'S REPORT

SUBJECT:	**AFRIKAANS HOME LANGUAGE**
PAPER:	**1**
DURATION OF PAPER:	**2 hours**

SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)

The question paper was fairly received by the 4 045 candidates of the Eastern Cape. The reading texts were interesting and within the scope of a grade 12 learner. It was pleasing to see that the learners performed in the same manner as those of 2019. The Comprehension question was therefore answered satisfactorily. The Summary question was answered well and Language in Context questions were answered slightly better than in 2019. It was pleasing to see that our candidates mastered the skill of summarising. Question 3 on the whole was answered much better than last year. We are pleased about the effort that went into questions 3 to 5. The random sample of 100 scripts presented the following averages:

Question 1: 58%
Question 2: 71%
Question 3: 51%
Question 4: 32%
Question 5: 37%

The average percentage for these 100 scripts was 52%.

Die meeste leerders het bevredigend gevaar in Afdeling A, baie goed in Afdeling B. Vraag 3 van Afdeling C is die beste hier beantwoord. Die vrae was duidelik en eenvoudig geformuleer. Die stapelvrae se formulering was oor die algemeen meer leerdervriendelik. Die algemene indruk was dat dit 'n billike vraestel was.

SECTION 2:

Comment on candidates' performance in <u>individual questions</u>

(It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).

QUESTION 1
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
The Comprehension questions adhered to Barrett's Taxonomy: 40% Literal and Organisation, 40% Inference and 20% Evaluation and Appreciation. It also had a fair spread of challenge levels. Most of the higher-order questions were answered well, even the stacking questions: 1.3, 1.4, 1.5. It seemed that the candidates could relate to the content re: generic modified food.
Gebaseer op 100 skrifte was die leesbegrip se gemiddeld 58%. Leerders moet binne die konteks van die leesstukke hul afleidings maak. Leerders moet geleer word om vrae soos "dink jy" tot hulle eie voordeel te gebruik en die teks inspan om hulle eie opinie te verwoord. (1.8) die woord "onderskeidelik" in die vraag het van die kandidate gekelder. (1.11) swakker kandidate sukkel om beide kante van ironie te verwoord. Hulle verwar kontras met ironie. (1.13) leerders moet fyn oplet na karakters se gesigsuitdrukkings en MOET spesifiseer wat hulle daarin sien, bv. "ma se gerekte oë dui op onsekerheid/verbouereerdheid en nie net volstaan met haar gesiguitdrukking nie. (1.15) leerders moet verbande tussen die visuele teks en die geskrewe teks kan lê.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Afdeling A is oor die algemeen bevredigend beantwoord deur die leerders. Sommiges het egter by 1.6 gesukkel om in te sien waarom statistiek in die teks belangrik is. Voorts het hulle ook gesukkel om 'n feit met 'n vorige paragraaf in verband te bring (1.10). 1.15 was ook 'n turksvy aangesien kandidate nie die verband kon bepaal tussen Teks A en Teks B nie.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Leer die kandidate dat vrae oor ooreenkomste en verskille beide teenpole moet insluit asook dat vrae oor ironie beide kante in die antwoord moet bevat.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.
Dit blyk dat daar beslis meer aandag aan begrip bestee is. Doe zo voort! Leerders se algemene versorging en netheid van hul skrifte het aandag nodig. Die belangrikheid van die lees van die instruksies op die vraestel moet beklemtoon word. Elke vraag MOET op ‘n nuwe bladsy begin. Onderwysers moet hulle vergewis van die inhoud van die KABV-dokument en die leerders voorberei op die tipe vrae wat in begripstoetsvrae gevra word. Stel interne vraestelle na aanleiding van die KABV-dokument op. Die puntetoekenning is ‘n aanduiding van hoeveel ‘n kandidaat moet skryf. Let ook daarop dat ‘n vraestel een 4-punt vraag (gewoonlik Vlak 1), drie 3-punt vrae, vyf 2-punt vrae en sewe 1-punt vrae moet bevat. Die 1-punt en 2-punt vrae kan wissel. ’n 2-punt vraag moet twee afsonderlike feite bevat, so ook die 3-punt vraag wat drie afsonderlike feite moet toon.

QUESTION 2
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
Gebaseer op die 100 skrifte was die gemiddelde 71%. Die vraag is deurgaans goed beantwoord.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Die opsomming was gepas vir graad 12-leerders en daarom het hulle goeie punte behaal. Diegene wat swak gevaar het, het die teks wat hul moes opsom, geïgnoreer en hulle eie storie geskryf. Dikwels het die onderwerp by die volsin ontbreek.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Leerders moet geleer word om feite in die teks te soek en nie hulle eie idees oor die opdrag te skryf nie. Leer hulle ook om van bevelsinne gebruik te maak. Vermy intensiewe vorme. Leerders moet afgeraai word om met die infinitief hul sinne te begin. Hou by die aantal woorde soos in die instruksie vervat om te verhoed dat hulle gepenaliseer word.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.
Sommige leerders interpreteer die instruksies verkeerd en skryf die opsomming puntsgewys of kripties. Die eksamenriglyne is duidelik hieroor: som in EEN samehangende paragraaf op. Daarom moet skakelwoorde ingedril word. Sewe feite kan in drie goeie volsinne opgesom word. Nêrens staan daar dat die kandidaat sewe sinne moet gebruik nie. Leer die kandidate om bevelsinne te bemeester, bv. Ondersteun werkende ma's deur huistake te doen of Word 'n motorbestuurder om partytjiegangers veilig by die huis te kry.

QUESTION 3
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
Die gemiddelde van die 100 skrifte was 51% wat beslis beter as die afgelope paar jaar was.

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Leerders het gesukkel met die begrip "drie agtereenvolgende woorde" (3.7).

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Leerders het 'n bietjie met 3.4 en 3.5 gesukkel omdat hulle nie met aandag lees nie. As die woord waarvoor hul 'n sinoniem moet gee in die meervoudsvorm is, MOET die sinoniem ook in dieselfde vorm gegee word. (3.6) leerders ken nie Trappe van Vergelyking nie (3.8) al was die nasienriglyn redelik oop, weet leerders nie wat 'n eienaam is nie en hulle verwar ook persoonsnaam (juwelier) met 'n persoon se naam (Nonzamo Mti)
(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.
Oefen gereeld advertensies. Werk deur ou vraestelle en maak hulle eksamenfiks. Begin reeds in graad 8 om leerders aan advertensievrae gewoond te maak.

QUESTION 4
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
Die gemiddelde van die 100 skrifte was 32% en soos in die verlede is die vraag swakkerig beantwoord.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Dit dui op ‘n gebrek aan Kritiese Taalbewustheid (KTB): geïmpliseerde betekenis en sarkasme. Leerders moet gewys word daarop dat hulle die vrae binne die konteks van die teks moet beantwoord en nie algemene funksies van bv. Leestekens (4.2) moet gee nie. Bv. Daar is altyd ‘n komma voor die aangesprokene en nie as iemand praat nie. Die onderskikkende voegwoorde – as, mits, wanneer, omdat – verdien aandag, want die meeste kandidate het hier medeskikkende voegwoorde soos “want” en “en” gebruik (sien FAL – Groep 3 Voegwoorde).

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Onderrig Kritiese Taalbewustheid, bl. 106 in die KABV-dokument, en verskerp hulle kennis oor denotasie en konnotasie.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.
Om leerders vertroud te maak met hoe die vraag gestel word, behoort hulle die afgelope sewe na agt jare se matriekvraestelle te bestudeer.

QUESTION 5
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
Die gemiddelde van die 100 skrifte is 37% en dit is ongeveer dieselfde as in die verlede.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Vraag 5 is nie meer die swakste van die drie taalvrae beantwoord nie. (5.2) leerders moet die verskil tussen ‘n bepaling en ‘n bysin ken (5.6) min leerders ken nog idiome. (5.7) duidelik het hulle nie doeblette vanjaar bestudeer nie. Skerp dit maar weer in.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Verfris weer hulle kennis oor leestekens en die funksie daarvan. (5.1) Leer die kandidate om reg te onderstreep. (5.3) Fokus op gebruiksafkortings wat aanpas by die modern tye, bv. ingenieur (ing. of ir.) (5.5) Leerders ken steeds nie die verskil tussen ‘n samestelling en samestellende afleiding nie.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.
Geen

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIOR SERTIFIKAAT/
NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V1

NOVEMBER 2020

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

* A F R H L 1 *

Kopiereg voorbehou

EASTERN CAPE

Blaai om asseblief

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (30)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

TEKS A: ARTIKEL

DIE MANIPULASIE OP JOU BORD

1 Die mensdom kan nou maar eenmaal nie ophou karring aan hulle omstandighede nie. Dit is natuurlik so omdat die mens altyd na meer en beter hunker. Dit is een van die redes waarom die mensspesie oor die jare so suksesvol was. Dus is dit te verstane waarom ons ook al hoe meer na beter en gesonder kos vra. 5

2 Geneties gemodifiseerde* organismes (GGO) is een voorbeeld van hoe die mens se strewe na meer en gesonder kos bogenoemde hunkering bevestig. Maar die gebruik van biotegnologie om spesifiek geneties gemanipuleerde voedsel te skep laat mense met agterdog oor hierdie tegnologie.

3 Biotegnologie (wat GGO insluit) is al van oertye af deel van die mens se lewensverhaal en word van die vroegste tye af geassosieer met voedselvoorsiening en uitdagings soos wanvoeding of hongersnood. Deesdae sluit biotegnologie egter veel meer in: van die ontwikkeling van nuwe medisyne tot kunsmatige intelligensie en die uiteindelike eenwording van mens met masjien. 10 15

4 GGO is organismes waarvan die genetiese struktuur verander (gemodifiseer of gemanipuleer**) is sodat dit nie deur, onder andere, siektes of insekte aangetas word nie. Die eerste kommersieel verboude GGO wat in die negentigs koerantopskrifte gehaal het, was die "Flavr Savr"-tamatie wat van 1994 tot 1997 op winkelrakke beskikbaar was. Dié tamatie is aangepas om stadiger ryp te word om die fermheid daarvan te behou. Hierdie mylpaal om gewasse deur middel van biotegnologie te kweek, het geblyk 'n wenresep te wees. 20

5 In 2016 is ongeveer 185,1 miljoen hektaar biotegnologiese gewasse deur sowat 18 miljoen boere in 19 ontwikkelende lande volgens geneties gemanipuleerde prosesse verbou. Dit is egter so dat 'n land soos Brittanje steeds nie die verbouing van GGO toelaat nie, maar hulle voer wel sulke produkte in en hulle wetgewing reguleer dít baie streng. Navorsing dui wel daarop dat Brittanje, nes al hoe meer ander lande, tans in die ontwikkeling van biotegnologiese gewasse belangstel en toenemend navorsing oor GGO doen. 25

6 Wetenskaplikes wat die ontwikkeling van geneties gemanipuleerde voedsel navors, worstel met dié vraag: Hoe kan die voorsiening van voedsel verseker word in 'n wêreld wat deur uitdagings soos klimaatsverandering en bevolkingsgroei in die gesig gestaar word? Omtrent 1 uit elke 9 mense op die planeet het tans nie genoeg voedsel om gesond te eet nie, aldus die Wêreldvoedselprogram. Die meerderheid van dié mense woon in ontwikkelende kontinente soos Asië en Afrika. 30 35

7 Biotegnologiese navorsing word daarom gesien as een van baie strategieë wat wêreldwyd armoede en omgewingsaftakeling moet aanpak, veral waar dit boere wat in ontwikkelende lande op klein skaal boer, bemagtig. Hulle kan hierdie inligting oor genetiese manipulasie van gewasse gebruik om beter vir droogtes te beplan, gewasse te plant wat teen onkruid bestand is, die invloed van gifstowwe op hulle gewasse minimaliseer en die voedingswaarde van sekere gewasse bepaal om suksesvoller te boer.

8 Met betrekking tot die navorsing van genetiese manipulasie, verduidelik Jennifer Thompson (professor in die Departement van Molekulêre en Selbiologie aan die Universiteit van Kaapstad) die proses soos volg: "Genetiese manipulasie laat jou toe om 'n geen*** van enige organisme oor te plaas in 'n ander organisme om strukture te kweek, wat nie noodwendig reeds in die organisme is nie." Sy noem dan ter verduideliking die voorbeeld van rys wat dikwels nie oor genoeg natuurlike vitamien A-vlakke beskik nie. "Deur die rys egter geneties te manipuleer, kan vitamien A-vlakke daarin verryk word sodat kinders wat drie keer per dag rys eet, nie gesondheidsprobleme ontwikkel nie."

9 Sy wys verder daarop dat die meeste van die kossoorte wat ons deesdae eet, of dit "organies" of volgens "normale" landboumetodes verbou is, in die een of ander stadium genetiese manipulasie ondergaan het: hetsy op die landerye of in laboratoriums waar dit aan kruisteling of gevorderde biotegnologiese tegnieke onderwerp is. "Dit is dus 'n veilige metode om gewasse 'sterker' en gesonder vir menslike gebruik te maak," aldus Thompson.

10 In aansluiting hierby wys mediese navorsing daarop dat daar tot dusver nog geen wetenskaplike bewyse geboekstaaf is dat GGO negatiewe gesondheidsgevolge vir mens of dier inhou nie. Sowat 90 persent van wetenskaplikes glo tans dat GGO veilig is. "Miljoene diere en mense eet onwetend van hierdie geneties gemanipuleerde kossoorte sonder om iets daarvan oor te kom," bevestig Thompson onlangse bevindings – maar die verbruiker bly sku wanneer hulle die GGO-teken op kosverpakkings sien. En sy verstaan nie hoekom hulle so reageer nie. "Hulle sien dit waarskynlik as eksperimentering met gewasse en hulle hou nie daarvan dat hulle sulke kos moet eet nie," sê Thompson.

11 Skeptiese verbruikers skram weg van geneties gemanipuleerde produkte omdat dit volgens hulle "onnatuurlik" en duur is. Hulle is vas daarvan oortuig dat dit sleg vir jou gesondheid is, en finansieel buite die bereik van baie produsente is. Dit is egter denkfoute, aldus Thompson. "Geneties gemanipuleerde gewasse gaan deur 'n rits kontroletoetse om die veiligheid daarvan te verseker en banke staan boere finansieel by indien hulle biotegnologie op hul plase wil toepas."

12 Maar ondanks al bogenoemde kwellings glo Thompson steeds aan die meriete van GGO: "Sit maar 'n mielietjie op die kole wat die GMO-teken dra, jy sal niks daarvan oorkom nie."

[Verwerk uit *TAALGENOOT*, Winter 2018]

* **Gemodifiseerde:** ander vorm gee; wysig; aanpas
** **Manipuleer:** bewerk om die verlangde resultaat te bereik
*** **Geen:** die deel van 'n sel wat bepaal hoe 'n organisme ontwikkel, groei en lyk

TEKS B: VISUELE TEKS

[Verwerk uit *Die Burger,* 10 Augustus 2013]

VRAE: TEKS A

1.1 Waarom karring mense gedurig aan hulle omstandighede? (1)

1.2 Haal EEN woord uit paragraaf 1 aan wat op die gevolg van dié gekarring van die mens dui. (1)

1.3 Herlees paragraaf 3.

Hoe weet die leser dat gemanipuleerde/gemodifiseerde voedsel nie 'n nuutjie is nie? Verskaf TWEE redes waarom die ontwikkeling van gemanipuleerde/ gemodifiseerde voedsel geregverdig kan word. (3)

1.4 Noem TWEE klemverskuiwings wat biotegnologie ondergaan het. Kies EEN van jou antwoorde en motiveer of hierdie klemverskuiwing 'n positiewe of negatiewe gevolg vir die mens inhou. (3)

1.5 Waarom was die "Flavr Savr"-tamatie in die negentigs nuuswaardig? Noem ook TWEE verskille tussen die "Flavr Savr"-tamatie en ander tamaties. (3)

1.6 Noem TWEE redes waarom die skrywer die statistiek in die onderstreepte sin in paragraaf 5 by hierdie artikel ingesluit het. (2)

1.7 Dink jy dat 'n land soos Brittanje toegelaat moet word om geneties gemanipuleerde produkte in te voer? Motiveer jou antwoord. (1)

1.8 Waarom, dink jy, is klimaatsveranderinge en bevolkingsgroei <u>onderskeidelik</u> belangrik wanneer wetenskaplikes navorsing oor die volhoubaarheid van GM voedselvoorsiening doen? (2)

1.9 Hoe kan kleinskaalboere die navorsing oor geneties gemanipuleerde gewasse tot hulle voordeel gebruik? (4)

1.10 Hoe sluit prof. Jennifer Thompson se verduideliking van die genetiese manipulasie van rys by die laaste sin van paragraaf 1 aan? (1)

1.11 Verbruikers is skepties oor kos wat die GMO-merk bevat.

1.11.1 Herlees paragraaf 9 en 11.

Waarin is die ironie opgesluit indien 'n leser die verbruiker se skeptisisme oor hierdie soort kos beoordeel? (1)

1.11.2 Dink jy, na aanleiding van dié artikel, dat 'n verbruiker rede tot skeptisisme het wanneer dit by geneties gemanipuleerde produkte kom? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

1.12 Prof. Thompson slaag in haar verduideliking in paragraaf 11 dat geneties gemanipuleerde gewasse veilig vir menslike gebruik is.

Motiveer waarom 'n leser met bogenoemde stelling kan saamstem. (1)

VRAE: TEKS B

1.13 Watter TWEE visuele aanduidings in die teks dui daarop dat die ma nie behendig in die kombuis is nie? (2)

1.14 Dink jy die muis, links onder in die hoek van die spotprent, se woorde is gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

VRAE: TEKS A EN B

1.15 In watter opsig is daar 'n verband tussen paragraaf 4 en 10 van TEKS A en die inhoud van TEKS B? Verwys afsonderlik in jou antwoord na die verband van elkeen van dié paragrawe met TEKS B. (2)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE maniere om ekstra geld te verdien**.

LET WEL:

1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

TEKS C

VERDIEN 'N EKSTRA INKOMSTE

Om maandeliks finansieel te oorleef word al moeiliker. Dit word noodsaaklik om aan maniere te dink om 'n paar ekstra rande te verdien. In jou gemeenskap moet daar iewers 'n behoefte bestaan wat jy kan benut.

Een manier is om jouself teen betaling as 'n motorbestuurder vir partytjiegangers wat na 'n aandjie uit by die huis wil kom, uit te huur. Dit verseker hulle van 'n veilige rit huis toe én hulle is bereid om daarvoor te betaal.

As bejaardes jou passie is, kan jy weekliks 'n draai by ouetehuise maak om die inwoners te help om hulle hare te versorg, wat 'n ekstra inkomste verseker. Troeteldierliefhebbers sukkel met 'n soortgelyke probleem om hulle diere se voorkoms netjies te hou. 'n Mobiele dieresalon kan ook vir jou finansieel tot voordeel strek wanneer jy verskillende dienste lewer soos om die diere se hare te sny, hulle te bad en selfs hulle pelse te versorg.

Verder kan jy dalk jou dienste as partytjieorganiseerder aanbied vir werkende ma's wat nie tyd het om kinderpartytjies te reël nie. As partytjieorganiseerder moet jy sorg dat jy alles doen; die ma, haar kind en die gaste moet net opdaag en alles geniet. 'n Enkelma met 'n nuwe baba sal met graagte vir enige hulp met gewone huistake soos wasgoed was, die huis stofsuig of selfs skottelgoed was, betaal. Hierdie hulp met huistake sal haar meer geleentheid bied om die baba te versorg en haar ander verantwoordelikhede na te kom.

As bogenoemde nie in jou kraal pas nie en jy dalk ondervinding in webontwerp het, kan jy hierdie vaardigheid tot jou voordeel gebruik. Skep 'n aanlyn profiel op webtuistes waar jy advertensiespasie aan mense verkoop wat hulle dienste wil adverteer. Aangesien meer sakemense deesdae bewus is van die voordele van 'n aanlyn teenwoordigheid, behoort hierdie wenk jou heelwat geld in die sak te bring.

Moontlik kan jy dit dalk oorweeg om Saterdagoggende voor 'n winkelsentrum worsrolletjies te verkoop. Onthou net om voor die tyd toestemming by die winkelsentrum se bestuur te verkry.

Daar is dus verskeie maniere om met jou talente te woeker sodat jy jou inkomste kan aanvul.

[Aangepas uit https://finansies.solidariteit.co.za/ekstra-inkomste]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIES

Bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS D

ONS GLO DAT ONS NET DIE GESKENK VIR JOU HET!

Wanneer jy vir jou (3.5) **geskenke** van goud kies, moenie oorhaastig wees nie. Verwelkom die onafhanklikheid, die luuksheid om in staat te wees om bederf te word, soos net jy verdien. Buitendien, niemand kan 'n (3.6) **beter** geskenk vir jou kies as net jy nie. 9 karaat-roosgoudoorbelle met ametis, pienk saffiere en diamante.

Besoek NOMZAMO MTI vir juwele wat skitter in Afrika-styl.

[Aangepas uit www.arthurkaplan.co.za]

VRAE: TEKS D

3.1 Watter soort voornaamwoord is die woord in reël 2? (1)

3.2 Is die prentjie van die oorbelle in die opskrif gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

3.3 Skryf 'n woord uit reël 3 neer wat op 'n mening dui. Herskryf nou hierdie reël sodat dit 'n feit vorm. (2)

3.4 Herskryf die onderstreepte sin in reël 4 en 5 in die verlede tyd. (1)

3.5 Gee die verkleinwoord van die vetgedrukte woord in reël 4. Gebruik nou die sinoniem van jou antwoord in 'n verklarende sin. (2)

3.6 Gee die oortreffende trap van die vetgedrukte woord in reël 8. (1)

3.7 Skryf DRIE opeenvolgende woorde uit reëls 9 tot 12 neer wat die adverteerder as 'n oorredingstegniek gebruik. (1)

3.8 Waarom is Nomzamo Mti in hoofletters? (1)
[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS E

ZITS



[Verwerk uit www.zitzcomics.com]

4.1 Benoem die klankverskynsel wat aanleiding gee tot die uitspraak van die onderstreepte woord in RAAMPIE 1. (1)

4.2 Verduidelik onderskeidelik die gebruik van die twee kommas in RAAMPIE 1. (2)

4.3 Herskryf die onderstreepte sin in RAAMPIE 2 in die vraende sinswyse. (1)

4.4 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die pa se vraag in RAAMPIE 3? Verduidelik ook waarom Zits se reaksie in RAAMPIE 3 as sarkasties geïnterpreteer kan word. (2)

4.5 Skryf die voorsetsel neer wat in die eerste spraakborrel van RAAMPIE 4 ontbreek. (1)

4.6 Wat is die konnotatiewe verklaring vir die onderstreepte woord in RAAMPIE 4? (1)

4.7 Verbind die twee sinne in RAAMPIE 5 met 'n gepaste onderskikkende voegwoord. (1)

4.8 Verklaar die betekenis van die voorvoegsel in die onderstreepte woord in RAAMPIE 6. (1)
[10]

VRAAG 5: TYDSKRIFARTIKEL

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS F

ONS IS BRAAI EN BRAAI IS ONS

Annami Mailovich

1 Ons diverse kultuuridentiteite word dikwels deur kos gevorm wanneer mense saans heel gesellig om die kospotte saamkuier.

2 Vir die meeste Suid-Afrikaners – van 'n padwerker tot 'n (5.3) ingenieur – is 'n maaltyd nie 'n maaltyd mits daar nie ook 'n stukkie vleis op die bord lê nie. Geen wonder dat Erfenisdag in die volksmond sinoniem met (5.4) "Braaidag" geword het nie.

3 (5.5) Die Khoisan was waarskynlik die eerste kultuurgroep wat drie soorte vleis op een vuur gaargemaak het. Verskeie ander kultuurgroepe maak ook vleis oor die (5.6) kole gaar. Daarom het vleisbraaiery oor die kultuurgrense heen Suid-Afrikaans geword. Selfs jou Engelse buurman gaan jou waarskynlik ook na 'n braai toe nooi. Geselsies om braaivleisvure is iets wat Suid-Afrikaners van alle kultuurgroepe saam kan vier.

4 En kyk, Suid-Afrikaners het braai al tot 'n fyn kuns vervolmaak – en dít is wat braai so uniek maak. Ons stamp selfs kop oor die soort hout wat vir verskillende vleissnitte gebruik moet word, maar sonder om mekaar se gevoelens te (5.7) kwets.

5 Vleisbraai en die regte hout gaan hand aan hand, net soos braaivleis en pap. (5.8) Mieliepap – in al sy variëteite – is die een dis wat wyd onder Suid-Afrikaners gedeel word en wat almal kan bekostig. By 'n Zoeloe-braai op die platteland sal jy waarskynlik met 'n karba vol heerlike koringbier verwelkom word. Vir poeding is daar die koeksister en sy Kaaps-Maleise naamgenoot, die koesister, iets wat binnelanders glad nie ken nie. Degerig, soeterig en op sy beste warm bedien.

6 Kom, vul dus vandag jou kospotte met tipies Suid-Afrikaanse kos! Iemand het per geleentheid gesê Suid-Afrika is 'n smorgasbord* van diverse smulkos.

* 'n Verskeidenheid koue vleissoorte, patee, gerookte salm en ander koue of warm soutgeregte, sowel as slaaie, tradisioneel in Skandinawië voorgesit as voorgereg of as 'n buffetete. (HAT: 2015)

[Verwerk uit *TAALGENOOT*, Winter 2018]

5.1 Skryf 'n woord wat 'n diftong bevat uit die titel neer en onderstreep die diftong. (1)

5.2 Skryf uit paragraaf 1 slegs die hoofsin en daarna slegs die bywoordelike bepaling van plek neer. (2)

5.3 Kort die onderstreepte woord in paragraaf 2 (reël 3) korrek af. (1)

5.4 Gebruik die kern van die onderstreepte samestelling in paragraaf 2 (reël 5) as 'n bepaler in 'n nuwe samestelling van jou eie. (1)

5.5 Skryf die bepaalde rangtelwoord wat in die onderstreepte sin in paragraaf 3 voorkom, neer. (1)

5.6 Gee 'n idioom met "kole" as kern wat beteken dat iemand raaskry. (1)

5.7 Gebruik die onderstreepte woord in paragraaf 4 se doeblet in 'n verklarende sin. (1)

5.8 Herskryf die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 5 deur die leestekens met ander leestekens wat dieselfde funksie het, te vervang. Gee ook die funksie van dié leestekens in die sin. (2)
[10]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIOR SERTIFIKAAT/ NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

PARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2020 -11- 12
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V1

NOVEMBER 2020

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 70

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.

Goedgekeur	Goedgekeur	Goedgekeur
Prof. A. Coetser Umalusi-moderator 12 November 2020	Me. S. Fourie Umalusi-moderator 12 November 2020	Me. I. Jansen vN DBE: Interne Moderator 12 November 2020

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEESBEGRIP

Nasien van die leesbegrip:

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie, omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

VRAAG 1 ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)***

Vraag	Antwoord	Punt
1.1	Die mens wil altyd meer/beter hê./ Die mens strewe na meer/beter./ Mense is nooit tevrede met hul omstandighede nie. ✓	1
1.2	"suksesvol" ✓	1
1.3	Dis al van oertye/die vroegste tye af aan die mens bekend. ✓ (Die ontwikkeling van gemanipuleerde/gemodifiseerde voedsel) beveg wanvoeding./ (Die ontwikkeling van gemanipuleerde/gemodifiseerde voedsel se oogmerk is) die voorsiening van voedsel./ (Die ontwikkeling van gemanipuleerde/gemodifiseerde voedsel se oogmerk is) die bekamping van hongersnood. ✓✓ *Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	1 2
1.4	Die ontwikkeling van (nuwe) medisyne/ (Die konsep van) kunsmatige intelligensie/ Die eenwording van mens en masjien ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* **EN** Positief: Met die ontwikkeling van nuwe medisyne kan mense gesonder leef./ Met die ontwikkeling van kunsmatige intelligensie kan mense nou ook op robotte staatmaak om sekere take te verrig./ Met die eenwording van mens en masjien kan swakhede in menslike gedrag uitgeskakel word. **OF**	2

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2020 -11- 12
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

	Negatief: Met die ontwikkeling van nuwe medisyne kan mense waarskynlik te lank leef wat druk op wêreldbevolking plaas./ Met die ontwikkeling van kunsmatige intelligensie kan werkloosheid verhoog./ Met die eenwording van mens en masjien kan menslikheid in die samelewing dalk verlore gaan. ✓ *Die kandidaat bied vir sy/haar keuse 'n eie soortgelyke antwoord vir EEN punt aan. Die twee dele van die antwoord word onafhanklik geassesseer.*	1
1.5	Dit was die eerste geneties gemanipuleerde organisme wat (in winkels) te koop was./ Dit was die eerste kommersieel verboude organisme. ✓ Dit het stadiger as ander tamaties ryp geword./ Die tamatie behou sy fermheid./ Dit het 'n langer raklewe as wat ander tamaties het. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	1 2
1.6	Die skrywer wil daarmee die omvang van die verbouing aandui./aandui dat dié manier van verbouing wêreldwyd plaasvind./dat baie boere by die verbouing van geneties gemanipuleerde gewasse betrokke is./dit 'n wydbeoefende manier van verbouing is./ Die skrywer wil die stelling wat in die laaste sin van paragraaf 4 gemaak is/dat dit 'n wenresep is om gewasse deur middel van biotegnologie te kweek, bevestig./versterk./ondersteun./ Die skrywer maak van die statistiek gebruik om die voorafgaande stelling geloofwaardig te maak. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
1.7	Ja Indien Brittanje bereid is om daarvoor te betaal, is dit regverdig dat hulle toegelaat word om dit in te voer./ Britse verbruikers kan moontlik 'n behoefte aan die produkte hê./ Almal wat in GGO-voedsel belangstel, moet toegang daartoe hê. **OF** Nee Brittanje is nie bereid om self geneties gemanipuleerde produkte te verbou nie, daarom is dit nie regverdig dat hulle toegelaat word om dit in te voer nie./ Geneties gemanipuleerde produkte wat ingevoer word, is nie noodwendig gesonder as die tradisioneel verboude produkte in Brittanje nie. ✓ *Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan.*	1

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2020 -11- 12
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

1.8	Navorsing oor klimaatsveranderinge kan daartoe bydra dat geneties gemanipuleerde gewasse ontwikkel word wat meer bestand teen uiterste klimaatsverandering sal wees. ✓ **EN** Navorsing oor bevolkingsgroei kan daartoe bydra dat geneties gemanipuleerde gewasse ontwikkel word wat tred hou met die kosbehoeftes van spesifieke bevolkingsgroepe./groeiende bevolking. ✓ *Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord oor onderskeidelik klimaatsveranderinge EN bevolkingsgroei vir EEN punt elk aan.*	1 1
1.9	Indien hulle aandag aan hierdie navorsing se bevindinge skenk, sal hulle: • beter vir droogtes kan beplan. ✓ • gewasse plant wat teen onkruid bestand is. ✓ • die invloed van gifstowwe op hulle gewasse kan minimaliseer. ✓ • die voedingswaarde van sekere gewasse kan bepaal./verhoog. ✓	4
1.10	Rys wat met vitamien verryk is, is 'n voorbeeld van beter/gesonder kos waarna mense volgens paragraaf 1 al hoe meer vra. ✓	1
1.11.1	Mense wat skepties oor GMO is, eet in elk geval kossoorte wat op die een of ander stadium genetiese manipulasie ondergaan het. ✓ *Beide kante van die ironie moet vir EEN punt aangebied word.*	1
1.11.2	Ja Geneties gemanipuleerde produkte is onbekende produkte waaroor verbruikers skepties is. Verbruikers is skepties om kos te koop waarmee hulle dink, geëksperimenteer is./beskou geneties gemanipuleerde kos as onnatuurlik. **OF** Nee Daar is geen wetenskaplike bewyse dat geneties gemanipuleerde produkte negatiewe gesondheidsprobleme vir die mens inhou nie. Indien banke bereid is om plaaseienaars wat biotegnologie wil toepas, finansieel te steun, is daar nie rede tot skeptisisme nie. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke redes vir EEN punt elk aan.*	2
1.12	(Haar verduideliking slaag, want) sy verwys na 'n rits kontroletoetse./navorsing./is 'n kenner./professor in Molekulêre en Selbiologie. ✓	1

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2020 -11- 12
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

1.13	Die rook wat uit die pot/pan/in die oond dwarrel, (dui daarop dat die ma haar kos verbrand)./ Die rook wat uit die kat se kosbak dwarrel, (dui daarop dat die ma haar kos verbrand)./ Die kat wat sy/haar maag vashou./hande oor die maag hou./met wydgesperde oë na die kosbak staar./ Die kat wat wegskram (van die kos./wil dit nie eet nie)./ Die ma se gerekte oë (dui op verbouereerdheid./onsekerheid). Die ma se wilde geroer in die pot (dui op verbouereerdheid./onsekerheid). Die dogtertjie wat om die hoek loer se wydgerekte oë (dui op haar vrees dat die ma weer 'n flater sal begaan)./ Die dogtertjie wat om die hoek loer, (dui daarop dat sy versigtig is om die kombuis binne te gaan waar die ma onbehendig kook). ✓✓ *Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
1.14	Ja Sy woorde bevestig/beaam/ondersteun wat die seun oor die ma se kookvermoë sê./ Sy woorde dui daarop dat die ma steeds slegte kos gaan maak./die pa gaan bly eksperimenteer./ Die woord "wors" sluit aan by die idee van kosmaak./frikkadelle wat nes wors van maalvleis gemaak word./ Dit dra by tot die humor van die pa/ma wat sukkel. ✓ *Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.*	1
1.15	In paragraaf 4 van TEKS A het die "Flavr Savr"-tamatie koerantopskrifte gehaal en in die linkerhoek van TEKS B haal die wêreld se eerste proefbuisfrikkadel die koerantopskrif./ In paragraaf 4 van TEKS A geniet die mylpaal van 'n nuwe soort tamatie publisiteit, terwyl 'n mylpaal t.o.v. 'n proefbuisfrikkadel in TEKS B ook publisiteit/nuus-waardigheid ontlok. **EN** In paragraaf 10 van TEKS A word melding gemaak van die eksperimentering met kos wat aansluit by die woord "eksperimente" in TEKS B se spraakborrel./ In paragraaf 10 van TEKS A en in TEKS B is eksperimentering/laboratoriumwerk ter sprake. ✓✓ *Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan waarin daar afsonderlik na 'n ooreenkoms tussen die twee tekste verwys word.*	2
	TOTAAL AFDELING A:	**30**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2020 -11- 12
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Nasien van die opsomming

Tydens die nasien van die opsomming is die insluiting van geldige feite en die uitsluiting van irrelevante feite belangrik.

- Opskrif/Titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

LET WEL:

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:

Vervoer partytjiegangers teen betaling terug na hulle huise. Jy kan ook 'n draai by ouetehuise maak om inwoners te help om hulle hare te versorg. Verder kan jy dit oorweeg om 'n versorgingsdiens aan diereliefhebbers met behulp van 'n mobiele dieresalon te lewer. Help werkende ma's deur vir hulle kinderpartytjies te reël en jy kan ook jou dienste beskikbaar stel aan 'n enkelma deur gewone huistake vir haar te verrig. Oorweeg die verkoop van advertensiespasie op webtuistes aan mense wat dienste wil adverteer. Jy kan ook worsrolletjies voor 'n winkelsentrum verkoop.
Getal woorde: 88

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2020 -11- 12
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

AANHALING UIT TEKS		MOONTLIKE BEWOORDING	
1	... **motorbestuurder vir partytjie-gangers** ...	A	Vervoer partytjiegangers teen betaling terug na hulle huise toe.
2	... **help om ... hare te versorg** ...	B	Maak 'n draai by ouetehuise om inwoners te help om hulle hare te versorg.
3	... **Mobiele dieresalon** ...	C	Bied 'n versorgingsdiens aan diere-liefhebbers met behulp van 'n mobiele dieresalon.
4	... **partytjieorganiseerder** ...	D	Bied jou dienste as partytjie-organiseerder vir werkende ma's aan deur vir hulle kinders partytjies te reël.
5	... **hulp met gewone huistake** ...	E	Jy kan ook jou dienste beskikbaar stel aan 'n enkelma deur gewone huistake vir haar te verrig.
6	... **advertensiespasie** ... **verkoop** ...	F	Verkoop advertensiespasie op web-tuistes aan mense wat dienste wil adverteer.
7	... **worsrolletjies ... verkoop.**	G	Verkoop worsrolletjies voor 'n winkel-sentrum.
			Getal woorde: 81

TOTAAL AFDELING B: 10

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2020 -11- 12
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

Nasien van hierdie afdeling:

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is. Indien die spelling van die bepaalde woord korrek moet wees, word die spelling verkeerd gemerk al word die antwoord in 'n sin aangebied.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- By meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	wederkerende (voornaamwoord) ✓	1
3.2	Ja Dit sluit aan by die woorde soos oorbelle/saffiere/diamante/juwele/ametis./ Oorbelle hang aan iemand se ore soos wat dit in die prentjie aan die woord hang./ Dit hang aan die woord "jouself", wat aandui dat dit 'n geskenk vir jou is./ Die oorbelle wat aan die woord "jouself" hang, ondersteun die feit dat die verbruiker met die luukse item bederf sal word./ Die produk wat verkoop word, (waarmee jy jouself kan bederf,) word geadverteer./ Die prentjie van luukse oorbelle (met 'n duur afwerking en edelstene) beklemtoon die boodskap dat die verbruiker bederf (met hierdie luukse item) sal word. **OF** Nee Die advertensie laat nie reg geskied aan die diamante/oorbelle se prag nie. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
3.3	"glo" ✓ Ons weet dat ons net die geskenk vir jou het./Ons het net die geskenk vir jou. ✓ *Die kandidaat kan ook 'n uitroepteken gebruik om die feit/sin mee af te sluit.*	1 1
3.4	Toe jy vir jou geskenke van goud gekies het, moes jy nie oorhaastig gewees het nie./ Jy moes nie oorhaastig gewees het toe jy vir jou geskenke van goud gekies het nie.✓ *Die komma moet, waar van toepassing, op die korrekte plek in die sin voorkom.*	1

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2020 -11- 12
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATIONS

3.5	Geskenkies ✓ Aanvaar hierdie diamantringe as presentjies/bederfies van my waardering vir jou moeite. ✓ *Die kandidaat bied 'n eie sin met die verkleiningsvorm van die sinoniem vir EEN punt aan.* *Die woord "geskenkies"/"bederfies" moet korrek gespel word en in die meervoudsvorm aangebied word.* *Die woord "persent" word nie as korrek aanvaar nie; dit verskil in betekenis van "present", terwyl sinonieme min of meer dieselfde betekenis moet hê.* *Persent: een honderdste van 'n geheel/totaal; per/uit honderd. (HAT6, bl. 973)* *Present: iets wat jy vir iemand gee om 'n spesiale geleentheid te vier of om dankie te sê; geskenk. (HAT6, bl. 1006)*	1 1
3.6	(die) beste ✓	1
3.7	juwele wat skitter/skitter in Afrika-styl. ✓	1
3.8	Dit vestig die aandag op die naam van 'n juwelierswinkel./juwelier./ Dit hef die naam van die juwelier uit. Dit is 'n eienaam./naam van die winkel. ✓	1
		10

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	assimilasie/(klank-) gelykmaking (van klanke) ✓	1
4.2	Die eerste komma/komma tussen Malopo en Tweefontein word tussen die opnoem van eiename/plekname gebruik. ✓ Die laaste komma/komma voor Zitsie word voor die naam van die aangesprokene gebruik. ✓	1 1
4.3	Kan/Kon ons vinnig hierna loer?/ Mag ons vinnig hierna loer?/ Sal/Sou ons vinnig hierna (kom) loer?/ Loer ons vinnig hierna?/ Kom, sal/kan ons vinnig hierna loer?/ Gaan/Moet ons vinnig hierna loer? ✓ *Die vraagteken moet aan die einde van die sin voorkom om die antwoord as korrek te aanvaar.* *Die kandidaat bied 'n soortgelyke sin in die vraende sinswyse vir EEN punt aan.*	1

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2020 -11- 12
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

4.4	Die pa dink sy kind gaan universiteit toe vir die pret en plesier./ Hy vermoed sy kind gaan nie genoeg tyd aan sy studies afstaan nie./ Hy vermoed sy seun gaan om die verkeerde redes universiteit toe. ✓ **EN** Zits praat die waarheid (oor sy keuse van 'n universiteit) wat hy op 'n snydende/ skokkende manier oordra./ Hy reageer sarkasties as hy sy pa met sy antwoord probeer skok/seermaak (deur te sê wat hy bedoel)./sê dat hy net vir die partytjies/pret/plesier universiteit toe gaan./ Zits bedoel dat hy nie tyd vir partytjies op universiteit gaan hê nie./ Zits reageer op sy pa se beskuldiging dat hy universiteit toe gaan om 'n graad in partytjiehou te kry, 'n graad wat nie bestaan nie. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *Sarkasme: bytende, bitter spot; minagting wat wil seermaak of skok op persoonlike vlak; dit sê wat die spreker/skrywer bedoel. (KABV, bl. 99)* *Sarkasme: Manier van praat/skryf waarby die skrywer die teenoorgestelde sê van wat hy/sy bedoel./bittere spot. (HAT6, bl. 1106)*	1 1
4.5	tot ✓	1
4.6	(As Zits 'n rymkletser gaan word,) sal dit **'n hewige/groot reaksie/ opskudding/omwenteling/rewolusie/beroering/katastrofe/bohaai/pandemonium** in die musiekbedryf tot gevolg hê. ✓ *Die kandidaat behoort die konnotatiewe betekenis te verklaar./verduidelik.*	1
4.7	Pa gaan nog Pa se woorde sluk**, omdat/aangesien/as/indien/omrede** ek eendag net so ryk soos Hemelbesem gaan word./ Pa gaan nog Pa se woorde sluk **wanneer** ek eendag net so ryk soos Hemelbesem gaan word./ **Aangesien/Indien/Wanneer/As/Omdat/Omrede** ek eendag net so ryk soos Hemelbesem gaan word**,** gaan Pa nog Pa se woorde sluk! ✓ *Die kandidaat moet die komma korrek gebruik. [AWS 13:42: 'n Komma skei twee sinne (waarvan ten minste een afhanklike woordorde het) wat met 'n onderskikkende verbindingswoord aan sinsbegin of in die middel van die sin verbind word.]* *Waar die verbindingswoord "wanneer" in die middel van die sin gebruik word, kom daar nie 'n komma voor nie.*	1
4.8	uiterste/grootste/allerergste/opperste/vernaamste/eerste/uitermatige/baie groot/in die hoogste graad ✓	1
		10

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2020 -11- 12
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

VRAAG 5: ARTIKEL

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	braai ✓	1
5.2	Ons (diverse) kultuuridentiteite word (dikwels) (deur kos) gevorm. ✓ om die kospotte √	1 1

5.3	ir./ ing. ✓ *Die punt moet op die korrekte plek in die antwoord voorkom.*	1
5.4	dagtaak/dagreis/dagwerk/dagbreek/dagsuster/dagboek/dagblad/dagdiens/dagdroom/ daghulp/daglig/dagloon/dagmars/dagsorg/dagteks/dagvlug ✓ *Die kandidaat bied enige soortgelyke samestelling met "dag" as bepaler aan.*	1
5.5	eerste ✓	1
5.6	iemand oor die kole haal ✓	1
5.7	Die jagter het die bok gekwes/kwes die bok. ✓	1
5.8	Mieliepap, in al sy variëteite,/ Mieliepap (in al sy variëteite) ✓ Dit dui 'n parentese/inlassin/ekstra inligting aan. ✓	1 1
		10
	TOTAAL AFDELING C:	**30**
	GROOTTOTAAL:	**70**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2020 -11- 12
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION